# KONSTITUSIE VAN DIE MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## 1. NAAM

1.1 Die naam van die Vereniging sal wees die Midbrak Belastingbetalersvereniging en sal voortaan na verwys word as die Vereniging.

1.2 Die Midbrakgebied sal bestaan uit die volgende wyke:

Van Kleinbrakrivier, insluitend Riverside, tot by die Oostelike grens van Tergniet insluitend Toekoms en DeLange uitbreiding.

## 2. DOELSTELLINGS VAN DIE VERENIGING

2.1 Om die belange van eienaars en inwoners van genoemde gebied te beskerm, binne die raamwerk van bestaande en toekomstige plaaslike bestuur, regulasies en wette wat deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika gemaak mag word.

Om die belange van eienaars en inwoners van die Midbrakgebied te beskerm, binne die raamwerk van bestaande regulasies en wette wat deur die Plaaslike en Provinsiale owerhede gemaak word.

2.2 Om ‘n aktiewe belangstelling van die inwoners in die bestuur van die Midbrakgebied aan te moedig, maar terselfdertyd die individualiteit, karakter en onafhandlikheid van die verskillende gebiede te eerbiedig.

2.3 Om met ander plaaslike besture of verenigings te skakel in die beste belang van die Midbrakgebied.

Om met die Plaaslike en Provinsiale owerhede en verenigings te skakel in die beste belang van die Midbrakgebied.

## 3. LIDMAATSKAP

Alle eienaars wat eiendom in die MIDBRAKGEBIED besit en eiendomsbelasting betaal aan die Mosselbaai Munisipaliteit is outomaties ‘n lid.

Enige sodanige persoon het egter die reg om skriftelik te bedank as lid.

## 4. UITVOERENDE KOMITEE

4.1 Die Komitee sal bestaan uit twee lede van elke wyk in die gemelde areas en sal jaarliks by die Algemene Jaarvergadering verkies word. ‘n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Tesourier sal deur die Komitee verkies word by hulle eerste vergadering.

4.2 Die Uitvoerende Komitee sal die belange van die Vereniging behartig volgens klousule 2.1, 2.2, 2.3 en op voorstelle van die lede volgens die Konstitusie.

4.3 Die Komitee sal minstens een keer elke drie maande vergader.
Die Voorsitter mag egter enige tyd’n spesiale vergadering belê op voorwaarde dat 75% van die Komiteelede in kennis gestel word en saamstem.
Enige besluit geneem, moet deur ‘n kworum, bekragtig word.

4.4 Na ontvangs van ‘n geskrewe versoek van drie of meer komiteelede, moet die Voorsitter binne twee weke ‘n vergadering belê.

4.5 Een meer as die helfte van die komiteelede sal ‘n kworum vorm.

4.6 Indien enige lid van die komitee meer as twee agtereenvolgende komiteevergaderings, sonder grondige verskoning afwesig is, sal hy/sy/haar posisie as komiteelede verbeur.

4.7 Die Komitee het volmag om ‘n belastingbetaler wat kwalifiseer te koöpteer indien daar ;n Komitee vakature ontstaan.

4.8 ‘n Komiteelid moet skriftelik bedank.

4.9 Enige aansoek om lidmaatskap mag deur die Komitee geweier word, sonder enige verduideliking

4.10 Enige lid of komiteelede is bevoeg om:

! Lede te werf vir die vereniging.

! Bewoners aan te moedig om belang te stel in die aktiwiteite van die Vereniging en om mee.te doen.

4.11 Die Komitee sal toesien dat notules van vergaderings van die Komitee, asook van die Vereniging gehou word.

4.12 Finansiële sake sal behoorlik behartig word en aangeteken word deur die Tesourier in ooreenkomstig klousule 6.

## 5 **VERGADERINGSPROSEDURE**

5.1 Die Voorsitter, of in sy afwesigheid die Onder-voorsitter, sal die vergadering van die Vereniging lei. Indien albei afwesig is, sal die vergadering ‘n voorsitter benoem uit die aanwesiges om die betrokke vergadering te lei.

5.2 Stemming mag met die opsteek van hande beslis word, behalwe as drie of meer lede teenwoordig, geheime stembriewe verkies.

5.3 Enige besluit mag met ‘n gewone meerderheid beslis word.

5.4 Die Voorsitter sal ‘n gewone en beslissende stem hê indien daar ‘n staking van stemme sou wees.

## 6 **SEKRETARIëLE EN FINANSIëLE SAKE**

6.1 Die Sekretaris en Tesourier is verantwoordelik vir alle administratiewe en finansiële sake Van die Vereniging.

6.2 ‘n Bankrekening moet geopen word in die naam van die Vereniging.

6.3 Twee handtekeninge word vereis vir enige finansiële onttrekking. By die eerste Komitee vergadering gehou na die Algemene Jaarvergadering sal drie lede genomineer word vir

tekenregte. Die Tesourier sal in kennis gestel word van alle finansiële transaksies wat in sy/haar moontlike afwesigheid angegaan sou word.

6.4 Twee komiteelede sal benoem word om die finansiële state voor die Algemene Jaarvergadering te oudit.

7. **ALGEMENE JAARVERGADERING**

7.1 ‘n Jaarlikse algemene vergadering sal gehou word gedurende Desember.

7.2 Ten minste twee weke voor die Algemene Jaarvergadering sal kennisgewings gepubliseer word in die plaaslike koerante van George, Mosselbaai en Oudtshoorn. Kennisgewings sal ook opgeplak word by sale, kerke, kafees en winkels in die gebied.

7.3 Vyf en twintig (25) lede sal ;n kworum vorm by die Algemene Jaarvergadering.

7.4 Die agenda van die vergadering sal die volgende insluit:

7.4.1 Kennisgewing van vegadering.

7.4.2 Verskonings

7.4.3 Kennisgewing van sake nie op die agenda nie.

7.4.4 Notule van vorige Algemene Jaarvergadering.

7.4.5 Sake voortspruitend uit die notule.

7.4.6 Voorsittersverslag.

7.4.7 Finansiële verslag.

7.4.8 Verkiesing van komitee.

7.4.9 Algemene sake soos in punt 7.4.3.

8 **SPESIALE ALGEMENE VERGADERING**

8.1 Die Komitee sal’n spesiale Algemene Vergadering belê, indien twaalf of meer gewone lede so ‘n versoek tot die Komitee rig, met deeglike gemotiveerde klagtes of versoeke, wat nie die Konstitusie van die Vereniging benadeel nie.

8.2 Die komitee mag ‘n algemene vergadering belê, indien dit in belang van die lede en die Vereniging geag word.

8.3 Vyf en twintig (25) lede sal ‘n kworum vorm vir ‘n Spesiale Algemene Vergadering.

8.4 Veertien (14) dae kennisgewing word vereis vir ‘n Spesiale Algemene Vergadering.

## 9 **WANGEDRAG**

9.1 Die Komitee het die reg om enige lid wat hom skuldig maak aan wangedrag wat skade sou doen aan die Vereniging of enige bepaling van die Konstitusie sou verontagsaam, te skors, met skriftelike kennisgewing van die Sekretaris.

9.2 Lede wat geskors word volgens klousule 9.1 mag appelleer teen hul skorsing. Die Komitee se finale besluit sal egter bindend wees.

9.3 Alle skorsings sal in die Voorsittersverslag gemeld word tydens die Algemene Jaarvergadering.

## 10 **WYSIGINGS VAN DIE KONSTITUSIE**

Wysigings aan die Konstitusie mag aangebring word met ‘n 2/3 meerderheid stem van lede teenwoordig by ‘n Algemene Jaarvergadering slegs indien ‘n kennisgewing vir wysigings aan die Konstitusie 14 dae voor so ‘n vergadering ingedien word en so geadverteer word as agenda punt vir die vergadering.

**Datum van nuutste wysiging: Algemene Jaarvergadering van 18 Desember 2017**